21. Leerstellig

21.1 RAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE : ALTERNATIEWE NAGMAALSFORMULIERE (Artt 89, 253)

A. Ds JP Kruger lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 1.
C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 1.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag (Acta 2006:535, 5.1–5.5)

1.1 Om in hulle studie aandag te skenk aan die inhoudelike kommentaar oor die formulerings wat moontlik kan lei tot onsekerhede en misverstande.
1.2 Die Deputate het die vryheid om kundige persone op die gebied van die Dogmatiek en die Kerk- en Dogmageskiedenis te koöpteer. Enige ander persoon of persone wat insette kan lewer moet die geleentheid gegun word.
1.3 Om ook aandag te skenk aan riglyne waarvolgens die volgende Nasionale Sinode die voorgestelde Alternatiewe Nagmaalsformulier(e) kan beoordeel.
1.4 Sodanige konsep Alternatiewe Nagmaalsformulier(e) moet binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde wees, die gees van die Reformasie adem en aan Beskrywingspunte waaraan gevolg gegee is, voldoen.
1.5 Die Deputate moet die ander Afrikaanse Kerke hierin ken deur middel van die TKR (Deputate Ekumenisiteit: Binnelands)

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.5.

2. Interpretasie van die opdrag

2.1 Die swaartepunt van die opdrag aan die Deputate is geleë in die opdrag om riglyne saam te stel op grond waarvan die voorgestelde Nagmaalsformuliere beoordeel kan word. Dit kom daarop neer dat die Sinode geadviseer moet word rakende die kriteria waaraan ’n Nagmaalsformulier moet voldoen.
2.2 Die Kommissierapport tydens Sinode 2006
2.2.1 Die Rapport stel dat “dinge genoem kan word wat kan lei tot ernstige inhoudelike dogmatiese foute”, maar noem dan slegs “enkele voorbeelde.” Die Deputate het die kommentaar ten opsigte van die vermelde voorbeelde verwerk, en verder gewoon elke Alternatiewe Nagmaalsformulier wat voorgestel is so goed as moontlik vanuit dogmatiese oogpunt probeer keur.
2.2.2 Die kommentaar van die kommissie raak twee inhoudelike sake aan, te wete die gedagteniskarakter van ontwerpformulier 1, en die verdiskontering van die betekenis van die Ou-Testamentiese Pasgamaaltyd in die voorgestelde alternatiewe Formuliere. Verder raak die kommentaar van die Kommissie kwessies van formulering.
2.3 Skriftelike kommentaar deur prof Paul Krüger aan die kommissie tydens Sinode 2006 is ook aan die Deputate beskikbaar gestel, en is in die voorgestelde nuwe Formuliere verwerk.
2.4 Die **werkwyse** deur die Deputate gevolg was die volgende:
2.4.1 Die kommentaar wat ontvang is op die Alternatiewe Formuliere wat tydens Sinode 2006 voorgestel is, is verwerk,
2.4.2 Die kriteria waaraan ’n Nagmaalsformulier moet voldoen is vasgestel. Die Deputate het geoordeel dat die prinsipiële studie vervat in die Rapport voor Sinode 2006 in wese die kriteria bevat waaraan ’n Nagmaalsformulier moet voldoen, en dat dit hierdie kriteria is wat gesistematiseer moet word. Die studie van die vorige Deputate word

weer as Bylae aangeheg. Twee verdere kriteria is deur die huidige Deputate bygevoeg (4.5 en 4.6 van hierdie Rapport.)

2.4.3 die kriteria, sowel as die kommentaar wat ontvang is, is op die voorgestelde Alternatiewe Formuliere betrek.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.3.

3. Kerkregtelike oorwegings

3.1 'n Kerkregtelike oorweging wat ter sprake kom is of 'n verskeidenheid van Nagmaalsformuliere nie die eenheid van die kerk in gedrang bring nie. Volgens die Deputate berus die eenheid van die kerk nie op die besit van slegs een Nagmaalsformulier nie, maar op een Belydenis. Verskeie Alternatiewe Nagmaalsformuliere wat die verskillende aksente van die Nagmaal uitlig kan die een Belydenis van die kerk dien. Dit is prakties onmoontlik om reg te laat geskied aan al die aksente van die Nagmaal in een Nagmaalsformulier. Verskeie kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan besit verskeie Alternatiewe Formuliere. Tans beskik die GKSA reeds, behalwe die klassieke Nagmaalsformulier, ook oor 'n verkorte Nagmaalsformulier, asook oor verskeie Geloofsbelydenisse.

3.2 'n Tweede kerkregtelike oorweging wat ter sprake kom is of Alternatiewe Nagmaalsformuliere kerkregtelik toelaatbaar is, aangesien KO, art 62 slegs van een Nagmaalsformulier praat. Die Deputate oordeel hieroor soos volg:

3.2.1 Die artikels van die Kerkorde moet in die lig van hulle historiese ontstaan, die Skrifbeginsels waaraan hulle praktiese inkleding gee, en hulle gees en bedoeling geïnterpreteer word.

3.2.2 KO, art 62 verwys bloot na *Nagmaalsformulier* in die enkelvoud omdat die kerk tydens die bewoording van KO, art 62 net oor een Nagmaalsformulier beskik het. Die bedoeling van die artikel is nie om die moontlikheid van 'n verskeidenheid van Nagmaalsformuliere uit te sluit nie, maar verwys op 'n generiese wyse daarna.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.2.2.

4. Riglyne vir die beoordeling van die voorgestelde formuliere

4.1 Die Sinode gee self die basiese riglyne vir die beoordeling van voorgestelde Formuliere, naamlik dat dit in ooreenstemming met die Skrif, die Belydenisskrifte wat deur die GKSA aanvaar word, en die Kerkorde van die GKSA moet wees. Die Sinode self voeg daaraan toe dat die Formuliere die gees van die Reformasie moet adem en aan Beskrywingspunte waaraan gevolg gegee is, moet voldoen (Acta 2006:535, 5.4).

4.2 Uit die verslag van die Deputate Leerstellige Sake wat voor Sinode 2006 gedien het, kom die kriteria waaraan 'n Nagmaalsformulier moet voldoen in die loop van die argumentasie na vore (Acta 2006:520–526). Dit word hieronder saamgevat:

4.2.1 Uit die kerkgeskiedenis word dit duidelik dat die Nagmaalsformulier die rol gespeel het van 'n **inleiding tot die viering van die Nagmaal**. Hierdie inleiding was aansporend of bemoedigend van aard, maar veral ook dankseggend (die betekenis van die naam *eucharistie*, wat 'n algemene benaming van die Nagmaal is). Veral sedert die Reformasie het die Nagmaalsformulier ook 'n **didaktiese funksie** verkry in die mate waarin dit nodig was om 'n duidelik uitgespelde leer van die Nagmaal aan die gelowiges oor te dra, waarin ook – al is dit dan nou onder die oppervlak – standpunt ingeneem word téénoor ander opvattings van die Nagmaal (uit 2.2.2.1 van die 2006-Studierapport).

4.2.2 Herontdekte bronne uit die vroeë liturgiegeskiedenis dui daarop dat daar in die vroegste Nagmaalvierings in die inleiding tot die viering 'n bewustheid na vore gekom het van die **wêreldwye eenheid van die gelowiges**. Daarmee saam was daar ook 'n **eskatologiese gerigtheid** en 'n sterk **missionêre bewoënheid** (uit 2.2.3.2 van die 2006-Studierapport).

4.2.3 In 2.2.3.3 van die 2006-Rapport word gemeld dat die Nagmaal 'n sterk verband het met die **Pasga** as verbondsmaal. Hierdie aspek sou dus ook in 'n Nagmaalsformulier na vore moet kom.

4.2.4 In 2.2.3.5 van die 2006-Rapport word 'n hele aantal belangrike aksente van sinvolle, deurleefde Nagmaalsviering genoem. Die volgende is nog nie hierbo genoem nie en kan as verdere kriteria dien waaraan 'n Nagmaalsformulier moet voldoen:

4.2.4.1 'n Nagmaalsformulier moet reg laat geskied aan die instellingsberigte in hulle verskeidenheid.

4.2.4.2 Die gemeenskap met die verheerlikte Christus wat in die Nagmaal gevier word, moet na vore kom.

4.2.4.3 Reg moet gedoen word aan die karakter van die Nagmaal as 'n *feesviering* van die geloofsgemeenskap (vgl Acta 2003:634-636).

4.3 Hoewel daar 'n gevaar bestaan dat die Nagmaal eensydig as 'n herinneringsmaaltyd gesien kan word, is daar tog ook geldig 'n element van **herinnering** aan die kruisdood van Christus wat in die Nagmaalsformulier na vore moet kom. Dit is juis hierdie element wat in die bestaande Formuliere sterk op die voorgrond staan.

4.4 In die bestaande Nagmaalsformulier kom die aspek van **verootmoediging** sterk na vore.

4.5 'n Verdere kriterium vir 'n Nagmaalsformulier is dat dit ook **kontekstueel** sal wees in dié sin dat dit die blywende betekenis van die Nagmaal tydsgerig verwoord.

4.6 'n Saak kan uitgemaak word daarvoor dat 'n Nagmaalsformulier 'n **funksionele lengte** moet hê. Dit kan ook as 'n kriterium vir 'n Nagmaalsformulier dien.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.6.

4.7 Die volgende is 'n samevattende lys van die kriteria wat geïdentifiseer is:

(a) Dit moet in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde wees
(b) Dit moet in lyn met vorige Sinodebesluite wees
(c) Dit moet die gees van die Reformasie adem
(d) Dit moet 'n inleiding tot die viering van die Nagmaal wees
(e) Dit moet aansporend en bemoedigend wees
(f) Dit moet dankseggend wees
(g) Dit moet onderrig oor die Nagmaal bevat
(h) 'n Ekumeniese bewussyn moet daarin na vore kom
(i) 'n Eskatologiese gerigtheid moet daarin na vore kom
(j) Dit moet spreek van 'n missionêre bewoënheid
(k) Die verband met die Pasga as verbondsmaaltyd moet na vore kom
(l) Dit moet reg doen aan die instellingsberigte in hulle verskeidenheid
(m) Dit moet uitdrukking gee daaraan dat die Nagmaal 'n viering is van gemeenskap met die verheerlikte Christus
(n) Dit moet uitdrukking gee daaraan dat die Nagmaal 'n deelnemende viering is
(o) Dit moet uitdrukking gee aan die herinnering aan die kruisdood van Christus
(p) Dit moet die gemeente bring tot verootmoediging
(q) Dit moet kontekstueel wees
(r) Dit moet 'n funksionele lengte hê.

Besluit: Goedgekeur.

5. Beredenering aan die hand van die geïdentifiseerde riglyne

5.1 Om al die elemente waarna in 4.7 verwys is in een Nagmaalsformulier te vervat is nie prakties moontlik nie. Die navorsing van die Deputate bevestig dus die aanbeveling van die Deputate-rapport wat voor Sinode 2006 gedien het van die wenslikheid van bykomende Nagmaalsformuliere.

5.2 Indien verder in ag geneem word dat die historiese integriteit van die bestaande, "klassieke" Nagmaalsformulier behou word (vgl. 2.2.1 b en c uit die Rapport voor Sinode 2006, Acta:520, 521), maak dit sin om te kyk watter van die kriteria nie in die bestaande Nagmaalsformulier voldoende aandag kry nie, dit te groepeer, en daarvolgens dan Alternatiewe Nagmaalsformuliere aan die hand te doen. Uiteraard sal daar ook oorvleueling wees van elemente wat in meer as een Formulier voorkom.

5.3 In die lig van die geïdentifiseerde kriteria (4.7 van hierdie Rapport) kom die Deputate tot die gevolgtrekking dat vier oorhoofse fokus-kategorieë met vrug as riglyne gebruik

kan word in die opstel van bykomende Formuliere. Die vier oorhoofse kategorieë is die volgende:

5.3.1 In die eerste plek is daar die fokus op die herinnering aan die plaasvervangende lyding en sterwe van Jesus Christus.

5.3.2 In die tweede plek is daar die fokus op die nagmaal teen die Ou-Testamentiese agtergrond daarvan in die Pasga: Jesus Christus is die ware Paaslam wat geslag is. Deur Hom word ons bevry van die slawerny van die sonde en word die nuwe, versoende verhouding met God, wat in die Ou Testament verborge is, 'n heerlike werklikheid.

5.3.3 In die derde fokus-kategorie val die klem op die wonderlike gemeenskap met die lewende Christus, waardeur Hy as Gasheer aan die tafel ons deur die Heilige Gees werklik met Homself voed (vgl NGB, art 35).

5.3.4 In die vierde fokus-kategorie is daar 'n klem op die katolisiteit van die kerk en die missionêre bewoënheid wat daaruit spruit, asook op die verwagting van die voleinding van alles.

5.4 'n Subgroep van die Deputate het die Konsep Formuliere wat tydens Sinode 2006 voorgelê is in die lig van die geïdentifiseerde kriteria en kategorieë oorweeg en self ook verder gewerk in die opstel van bykomende Konsep Formuliere. Uiteindelik is egter deur die Deputate besluit dat nóg die konsepte wat tydens Sinode 2006 gedien het, nóg die nuwe konsepte gereed is om aan die kerke deur te gee vir kommentaar.

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.4.

6. Aanbevelings

In die lig van die beredenering word nou die volgende aanbevelings gemaak:

6.1 Die Sinode neem kennis van punte 1-5

6.2 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate Ekumenisiteit (binnelands) om die kriteria en geïdentifiseerde fokuskategorieë aan die TKR voor te lê vir kommentaar, en 'n versoek tot medewerking tot hulle te rig.

6.3 Die Sinode wys Deputate aan bestaande uit ten minste 'n letterkundige, 'n Ou-Testamentikus, 'n Nuwe-Testamentikus, 'n kundige in liturgiek en 'n Dogmatikus, asook 'n verteenwoordiger uit die swart Gereformeerde Kerke om aan die hand van die vasgestelde kriteria bykomende Formuliere op te stel, en sorg te dra vir die vertaling daarvan in Engels.

6.4 Die konsepte wat tydens Sinode 2006 gedien het, tesame met die grondwerk aan verdere bykomende Formuliere wat in die lig van die geïdentifiseerde kriteria deur 'n Subgroep van die Deputate gedoen is, word as Bylae by hierdie Rapport aangeheg, en kan as agtergrond dien vir die te benoemde Deputate.

Besluit: Goedgekeur. Die Sinode moet homself vergewis dat die bewoording van KO, art 62 in gedrang kan kom indien daar sprake is van *Formuliere* in plaas van *Formulier*.